# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 20 NOVEMBER 2022

Oggenddiens 09:00 in die kerk en aanlyn | Dr. Hanekom (1)

Familiediens 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds.Visser (9)

Meditatiewe diens 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Aanddiens 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Schoombie


## KERSSANGDIENS | 27 NOVEMBER 18:00

Jy word hartlik uitgenooi na 'n aand gevul met pragtige Kersmusiek op Sondag 27 November om 18:00 in die kerk. Johannes en Raimondo van Staden-Slabbert asook die marimbaorkes van Laerskool Parow-Noord sal as gaskunstenaars optree.

Kollekte by die diens word ten bate van MES Bellville opgeneem.

## TIENDEMAANDINSAMELING 2022

Die tiendemaandinsameling is gegrond op die Ou Testamentiese gebruik dat 'n deel van die eerste oes aan die Here gewy word (Deut. 26:12). Dié wet is in die Nuwe Testament met 'n dankbaarheidsoffer (2 Kor. 9: 7-8) vervang. Gebruik gerus die dankofferkoevert om jou tiendemaandbydrae in te plaas. Koeverte kan in die kollektebord, of in die kluis in die voorportaal van die kerk, of in die posbus by die kerkkantoor geplaas word. Elektroniese inbetalings is ook welkom, asook betalings deur SnapScan. Sien bladsy 4 of die koevert vir bankbesonderhede en SnapScan-kode. Die insameling staan nou op R469 558.




### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFERS

Stellenbergmedewerkers

Stellenberg-gemeente ondersteun verskeie sendelinge in Suid-Afrika en ander lande in die wêreld wat voltyds besig is om die Woord van die Here te verkondig.

## GRAAD 8-KAMP 2023

Alle graad 8's wat in 2023 by die hoërskool inskakel, word uitgenooi na die jaarlikse graad 8-kamp. Die kamp, met kamptema *Into the unknown* sal jou voorberei op inskakeling by 'n hoërskool. Die kamp word vanaf 13 tot 15 Januarie by die Apostelbatterykampterrein, Llandudno, aangebied. Inskrywings kan aanlyn op **www.stellenberg.co.za** gedoen word. Navrae: sunet@stellenberg.co.za.

## KATEGESE-REGISTRASIE 2023

Registreer asseblief jou kind/kinders vir kategese in 2023 deur die aanlyn vorm op die gemeente-webwerf te voltooi. Registrasiegeld vir die jaar is R200 per kind en word benut om die koste van materiaal te dek. Die registrasiegeld word saam met die inskrywing betaal.

## BESOEK AAN KLIPHEUWEL

Op Sondag 11 Desember besoek ons die gemeenskap van Klipheuwel. Ons woon die erediens saam met hulle by en gaan na die diens saam tee/koffie geniet en saamkuier. Die groep vertrek om 09:00 vanaf die markplein. Kontak gerus vir ds. René Potgieter 079 893 8104 met enige navrae.

## VATVYF-KERSETE

**Kersete op Donderdag 1Desember om 12:00 in die kleinsaal**

Koste is R50 per persoon. Besprekings en betaling by Charlotte (kerkkantoor, ontvangs) teen nie later nie as 24 November.

Bespreek by Charlotte, 021 976 4519 voor 28 November 2022.

## OMGEESTOOR

Die omgeestoor samel tweedehandse klere in en deel dit uit aan minderbevoorregte persone, of besorg die klere aan instansies wat dienste aan minderbevoorregte persone lewer. Gee gerus bruikbare tweedehandse klere by die kerkkantoor af. Ons sorteer dit en versprei volgens behoefte.

### KLEUTERKERK

09:00 in die grootsaal

### ANNIBRAND JUNIOR

Graad 1 tot 6

Na die oggenddienste tot 10:45 in die kleinsaal.

Graad 7's

Skakel in by die Annibrand Senior-groep.

### ANNIBRAND SENIOR

Seniors woon die aanddiens om 18:00 in die kerk by en verdeel na die diens in kleingroepe.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

## STELLENBERG BYBELSKOOL OOK AANLYN

**Om in die mees onverwagte omstandighede vernuwing te beleef.** Die vier sessies fokus op hoe die Here Paulus op sy lewensreis in onverwagte omstandighede gevorm het en ondersoek ook hoe die Here vandag in ons lewens saam met ons op reis is. Besoek www.stellenberg.co.za vir aanlyn sessies. Die laaste twee sessies is op Maandag 21 en 28 November om 19:00 in die kerk. Navrae: Charlotte, charlotte@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

## ADMINISTRATIEWE ASSISTENT VIR FEESTE

Daar bestaan tans 'n vakature vir 'n administratiewe assistant: feeste. Die geskikte kandidaat sal administratiewe ondersteuning aan die geleentheidskoördineerder bied en sal fleksietyd werk. Rekenaarvaardigheid is 'n vereiste. Aanstellingsdatum: 1 Feb. 2022. Stuur aansoekbrief en CV na anneke@stellenberg.co.za voor 30 November 2022. Navrae: Karen Visagie 082 827 9389.

## VAKATURE EDELWEISS

'n Vakature bestaan vir 'n ontvangsdame/dienssentrumorganiseerder by die Edelweiss Dienssentrum. Werksure: Weeksdae van 08:00 - 16:00. Die geskikte kandidaat moet oor goeie menseverhoudinge en administratiewe vaardighede beskik, rekenaarvaardig wees en 'n rybewys besit. Rig aansoeke na edelweisshoog@acvv.org.za. Navrae me. Nigrini by 021 976 1150.

## VAKATURE NG KERK IN SA

Die sentrum vir Publieke Getuienis het 'n voltydse vakature vir 'n persoonlike assistent/admin-koördineerder by hulle kantoor in Bellville. Aansoeke sluit op Woensdag 30 November. Vra asb. die volledige posbeskrywing aan by charlotte@stellenberg.co.za.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is ook beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

**Tafelgesprekke vir families**

## BROADCAST-LYS

Stoor die gemeente se WhatsApp-nommer (081 045 2428) op jou foon en raak deel van die gemeente se *broadcast*-lys sodat jy nuusbrokkies via WhatsApp kan ontvang. Dit is nie 'n WhatsApp-groep nie, wat beteken jou selnommer en ander lede se selfoonnommers is nie sigbaar op die lys nie. Stuur jou naam en van per WhatsApp na 081 045 2428 om op die *broadcast*-lys geplaas te word.

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

---

EDELWEISS

HUISDIENS

20 November 17:00 en 17:30

Lukas 21:5-19

Geloof in 'n tyd van verskriklike ver-wikkelinge!

BYBELSTUDIE

24 November 15:00

Psalm 62: Net by God vind ek rus!

VOCES CORDIS

Begelei deur André van der Merwe

'n Nuwe volwassenekoor onderl eiding van die bekende koorleier, André van der Merwe, bied op 4 Desember om 16:00 'n Kerskonsert by Gene Louw Laerskool aan. Kaartjies teen R120 te koop by 082 774 0995. Die vertoning duur 65 minute.